

# 6

## Geloof en gebed

### **ONS DOELWIT**

Die jongmense moet begelei word om gebed deel te maak van hul lewens.

### **SPEKIFIEKE DOELSTELLING**

#### **Kennis**

Die jongmense moet weet –

- wat Jesus hulle leer met die Ons Vader-gebed;
- dat gebed noodsaaklik is vir hul verhouding met God;
- dat gebed betekenis dra vir die tye tussen gebede;
- wat die waarde en plek van gebed in gesinsverhoudinge is; en
- wat 'n gebedsgroep is.

#### **Gesindheid**

Die jongmense moet bereid wees –

- om reg en gereeld te bid;
- om vir mekaar in hul gesin te bid; en
- om by 'n gebedsgroep in te skakel waar nodig.

#### **Vaardigheid**

Die jongmense moet gelei word om –

- reg en gereeld te bid;
- sinvol hul gebedslewe uit te leef;
- by 'n gebedsgroep in te skakel waar moontlik;
- vir mense in hospitale, ouetehuse, ensovoorts, te bid indien moontlik; en
- tydens klasgeleenthede vir 'n spesifieke saak te bid.

### **EK BREI MY EIE KENNIS UIT**

Om te bid, is een van die belangrikste handeling in 'n gelowige se lewe. 'n Mens kan sê dat gebed die asemhaling van ons geloof is. Daarom is dit nodig dat ons saam sal dink oor gebed

en sodoende begelei sal word na 'n vervulde gebedslewe.

Jesus het gebed so belangrik geag dat Hy sy dissipels in die Ons Vader-gebed leer bid het. In hierdie gebed leer Jesus ons 'n paar belangrike dinge oor gebed.

**Heel eerste** is dit altyd belangrik dat ons God se Naam moet eer en sy saak moet dien in gebed. Daarom is die eerste dinge waarvoor Jesus bid: *...laat u Naam geheilig word; laat u koninkryk kom; laat u wil... geskied...* Ons moet dus bid dat God se Naam groot gemaak moet word, dat Hy moet heers as koning, en dat dinge moet gebeur soos Hy dit wil laat gebeur.

Maar voor Jesus dit doen, spreek Hy eers sy Vader op 'n manier aan wat getuig van nederigheid. Hy spreek God aan as *ons Vader*. Ons moet dus nederig, soos kinders, met ons Vader praat. Jesus leer ons dus dat ons vanuit 'n baie persoonlike verhouding met God praat, soos kinders wat nederig met hul pa praat. Met die aanspreekvorm van hierdie gebed leer Jesus ons ook dat dit in ons gebede nie net oor ons eie belange mag gaan nie. 'n Mens spreek God nie aan as *my Vader*, wat net na *my* moet omsien nie. Ons moet alle ander mense ook in gedagte hou as ons bid, en daarom begin ons met *ons Vader*. Dit ontnem ons van enige vorm van eiebelang en selfvertoon wat soms mense se gebede kenmerk.

**Die tweede saak** waaroor dit in ons gebede moet gaan, is vir wat en vir wie ons mag bid. Jesus bid en vra die mees elementêre en die noodsaaklikste: *ons daaglikse brood*. Heel eerste onderstreep hierdie gebed dat ons God nie mag misbruik en vra vir onnodige en luukse dinge nie. Weer eens die klem op nederigheid. Ons vra net vir dit wat noodsaaklik is, net dit wat regtig nodig is om elke dag te lewe. Duur en luukse goed is nie sonde nie, maar daarvoor moet ons self werk.

Tog is dit so dat as ons bid vir ons daaglikse brood, dit *alles en almal* insluit. Hier word nie net bedoel 'n paar snytjies brood op my bord nie, maar *alles* wat ons nodig het: kos, klere, huise, vervoer – alle lewensmiddele. Maar ek bid nie net vir *alles* wat ek nodig het nie. Ek bid ook indirek vir *almal* wat moet saamwerk om hierdie dinge vir my beskikbaar te stel: die boer, die arbeiders, die kleremakers, die winkelassistente, die bouers, die trokdrywers... *almal*. Weer eens die klem op nederigheid. Ek moet alle ander mense aan ons hemelse Vader opdra. Ek vra dus nie net vir krag en gesondheid en geluk vir myself sodat ek elke dag kan lewe nie, maar ek vra dit vir elke ander mens ook. Gebed bring mense dus bymekaar uit, en daarom bid ons saam vir mekaar as gelowiges. Dit is vir elke gelowige van groot waarde om te weet en te hoor dat iemand vir jou bid, nie net as jy in nood verkeer nie, maar ook vir al die klein dingetjies in jou lewe. Wanneer ons as gesin dus saam bid, ervaar ons nie net 'n verdieping van ons geloof nie, maar versterk dit ook ons verhouding met mekaar. So ook by die skool, by die werk, by sport, oral. Ons bid *almal* vir mekaar.

**Die derde groot saak** waaroor Jesus ons leer bid, is om te vergewe: *...en vergeef ons ons oortredinge soos ons ook dié vergewe wat teen ons oortree...* Die absolute doel van Jesus se koms na die wêreld toe draai rondom liefde en vergifnis – twee sake wat in mekaar ingeweeft is. God het ons lief. Ons is sondig, lewe verkeerd, doen haatlike dinge, is ongehoorsaam. Dit veroorsaak dat ons God se vyande is. Ons moet gestaf word vir al hierdie *oortredinge*. Omdat God ons liefhet, stuur Hy vir Jesus om te kom wys dat Hy ons vergewe vir ons *oortredinge*. Hierdie gebeure, hierdie saak, moet só deel wees van ons geloof dat die eerste ding wat ons moet agterkom, is om te weet ons is vol sonde en ellende (Heidelbergse Kategismus vraag en antwoord 2). Wanneer jy bid dat die Here jou moet vergewe, gebeur twee dinge: Jy erken dat jy oortreding het, maar jy bevestig dat God dit kan vergewe. En, soos ons hierbo gesê het, bid

ek tot *ons* Vader. Daarmee erken ek ons het almal sonde, ons het almal oortree teenoor God, maar ook teenoor mekaar, en daarom staan ons ewe skuldig voor God en voor ander mense. As ek hierdie gebed bid, vra ek met ander woorde dat God die vrede tussen ons en Hom moet herstel, maar ook vrede tussen ons en alle mense sal bring.

Hierdie gebed het eintlik 'n tweede deel: *...en laat ons nie in versoeking kom nie maar verlos ons van die Bose*. Omdat God ons vergewe het en ons bid dat Hy ons moet help om alle ander mense te vergewe, bid ons ook dat Hy ons sal help om nie weer terug te val in 'n sondige lewe nie. Daarom vra ons dat Hy ons uit versoekings en van die Bose sal weghou.

Die gebed sluit in sekere Bybelmanuskripte af met dit waarmee dit begin het, naamlik 'n nederige, kinderlike erkenning van God se koningskap, almag en wonderlikheid. Hierdie is 'n erkenning dat dit wat ek aan die begin gevra het, *...laat u Naam geheilig word; laat u koninkryk kom*, reeds vir my 'n werklikheid geword het as ek erken: *Aan U behoort die koninkryk en die krag en die heerlikheid tot in ewigheid. Amen*. En met *Amen* wat beteken *dit is waar, dit sal gebeur*, bevestig ek dat ek glo God verhoor gebede so ver sy wil van liefde dit toelaat.

Dit gebeur dikwels dat 'n behoefte ontstaan om saam met ander mense te bid wanneer daar 'n saak is wat vir ons almal belangrik is. Tydens 'n droogte of 'n dreigende oorlog sal daar byvoorbeeld gebedsgroepe ontstaan om saam te bid vir reën of vir vrede. Wanneer iemand ernstig siek is of in 'n ongeluk was, word versoeke oor die sosiale media uitgestuur om 'n gebedsgroep te begin om vir besondere nood te bid.

## **EK SPRING SELF AAN DIE WERK**

### **Ek het nodig**

- Elkeen moet 'n Bybel hê.
- 'n Skryfbord om die gesamentlike gebed op te skryf.
- Reël vooraf met een van die jongmense om af te sluit met gebed.

## **IN DIE GROEPBYEENKOMS**

### **KOM ONS BEGIN**

Open met Gesang 266 as gebed:

*Ons Vader wat woon in die hemel,  
geheilig sy u Naam.  
Laat u ryk kom, u wil geskied  
soos in die hemel so ook op die aarde.  
Gee ons vandag ons dag se brood  
en vergeef ons al ons skulde,  
net soos ons vergewe  
dié wat teen ons sondig.  
Laat kom ons nie in die versoeking,  
maar verlos ons van die Bose.  
Van U is die ryk en die sterkte en die ere,  
vir ewig en ewig, amen.  
(Vir ewig en ewig, amen.)*

## WAT KAN HULLE VAN VERLEDE WEEK ONTHOU EN WAT HET HULLE GEDOEN?

- Kontroleer of hulle by [www.nhka.org](http://www.nhka.org) bykomende inligting gaan soek het.
- Kontroleer of almal neergeskryf het of hulle ook nou anders wil gaan optree, noudat hulle geleer het dat Jesus anders as die normale gedoen het.
- Indien daar van hulle is wat nie anders wil gaan optree nie, gee hulle 'n regverdige kans om hul saak te stel, respekteer dit, maar verduidelik weer dat kinders van die Here altyd hul gesindhede opskerp. *Verskillende antwoorde is moontlik.*
- Indien van hulle wel anders wil gaan optree, laat enkele by verlede week se RADIKALE DISSIPELSKAP lees wat hulle in hul boeke geskryf het oor wat hulle wil gaan verander, wat hulle reeds verander het en wat die gevolge was. *Verskillende antwoorde is moontlik.*

My ouers en gesin
Ek gaan .....
Ek het .....
<b>Die gevolg</b> .....

My vriende
Ek gaan .....
Ek het .....
<b>Die gevolg</b> .....

God
Ek gaan .....
Ek het .....
<b>Die gevolg</b> .....

My meisie of my ou
Ek gaan .....
Ek het .....
<b>Die gevolg</b> .....

Geld en besittings
Ek gaan .....
Ek het .....
<b>Die gevolg</b> .....

Dagboek en tydsbesteding
Ek gaan .....
Ek het .....
<b>Die gevolg</b> .....

- Gaan terug na Deel 1 Aanbieding 2 se RADIKALE DISSIPELSKAP en kontroleer of hulle daardie opdrag uitgevoer het.
- Laat hulle hul boeke toemaak en kontroleer met die volgende vrae of hulle die feite geleer het:
  - Hoedanig was die eerste gemeentede se gesindheid? (*Hulle het dieselfde gesindheid gehad en nie dwars getrek nie.*)
  - Wat het hulle gedoen as bewys dat hulle vir mekaar omgee (twee dinge)? (*Hulle het hul goed verkoop en met mekaar gedeel, en hulle het die armes gehelp.*)
  - Hoe was hul kerksbesoek? (*Hulle het gereeld kerk toe gegaan.*)
  - Hoedanig was hul verhouding met mekaar? (*Hulle het saam gekuier en saam geëet.*)
  - Was hulle in die openbaar skaam vir God? (*Nee, hulle het God oral geprys.*)
  - Waaraan kan kinders van God geken word? (*Kinders van God word aan 'n nuwe identiteit geken.*)
  - Geloof is nie verstokte reëls nie, maar wat? (*Geloof is 'n lewende gesindheid van liefhê en verstaan.*)
  - Kinders van die Here behoort aan 'n groter familie. Wat noem ons mekaar nou? (*Broers en susters.*)
  - Hoe ek lewe, het niks te doen met of ek 'n dissipel van Jesus Christus is nie. Is dit waar? (*Nee, om 'n dissipel van Jesus te wees, is 'n lewenswyse tot eer van God en in belang van ander mense.*)

## **VANDAG GAAN ONS DIE VOLGENDE ONS EIE MAAK**

### **BEGIN SO**

Begin deur saam te gesels oor gebed as iets wat gelowige mense doen. Laat hulle die volgende vrae beantwoord as aanknopingspunte. Help hulle reg waar nodig.

- Mag enige gelowige mens bid? (*Ja, ons almal mag bid. Dwarsdeur die Bybel het mense gebid. Dit is 'n belangrike manier om met God te kommunikeer en jou verhouding met Hom te beleef.*)
- Is dit moontlik om verkeerd te bid? (*Ja, 'n mens kan verkeerd bid as jou gesindheid verkeerd is. 'n Mens vertel nie vir God hoe goed jy is nie, maar jy prys sy Naam. Jy stel nie eise nie, maar vra nederig wat jy nodig het. Jy bid nie net vir jouself nie, maar vir alle mense.*)
- Wat leer Jesus ons van gebed? (*In die Ons Vader-gebed leer Hy ons hoe en wat ons moet bid.*)
- Vir wat en vir wie mag ons bid? (*Vir alles wat jy en alle ander mense liggaamlik en geestelik nodig het.*)
- Noem voorbeelde van versoeke wat 'n mens oor sosiale media kry en waarvoor gebed moet word. (*Enige sake of persone of omstandighede kan hier genoem word.*)
- Hoe dink jy, watter wanopvattinge en verkeerde indrukke kan daar ontstaan met sulke versoeke? (*As mense wil probeer om God te beïndruk of sy arm te probeer draai deur massas mense te laat saambid, of deur te versoek dat almal op presies dieselfde tyd moet bid en te dink dit kan God beïnvloed – ons kan sulke gebedspraktyke “geestelike massaoptrede” of “geestelike manipulasie” noem.*)

### **WAAROP VAL DIE KLEM VANDAG?**

Lees EK BREI MY EIE KENNIS UIT hierbo vooraf deeglik deur, maak dit jou eie en gebruik die

onderstaande opsomming om die jongmense met die inhoud vertrouwd te maak. Lê veral klem daarop dat die gebed in die eerste persoon meervoud, *ons* Vader, *ons* daaglikse brood, *ons* oortredinge, gebed word.

---

Bid is naas Bybellees die belangrikste deel van 'n kind van die Here se lewe.

Die *Ons Vader* is die modelgebed wat Jesus ons geleer het.

---

Hier leer Jesus ons om **nederig te wees** en in 'n **persoonlike verhouding met God** te leef.

Hy bid –

- *ons Vader*. Dit is soos kinders wat nederig en met respek met hul pa praat. Dit is hul pa; hulle het 'n persoonlike verhouding met hom.
- *ons Vader*. 'n Mens bid nie net vir jou eie belange nie; ek bid nie *my* Vader wat net na *my* moet omsien nie. Ons moet alle ander mense ook in gedagte hou as ons bid.

In die *Ons Vader*-gebed gee Jesus vir ons voorbeelde van **hoe** gebed moet word.

Hy bid –

- dat *ons Vader* se Naam groot gemaak moet word;
- dat *ons Vader* moet heers as koning; en
- dat dinge moet gebeur soos *ons Vader* dit wil laat gebeur.

In die *Ons Vader*-gebed gee Jesus vir ons voorbeelde van **materiële dinge** waarvoor gebed mag en moet word.

Hy bid –

- vir ons daaglikse brood. Dit is al die noodsaaklike dinge wat ons nodig het soos kos, klere, huise, vervoer – alle lewensmiddele.
- nie vir onnodige en luukse dinge nie. Duur en luukse goed is nie sonde nie, maar daarvoor moet ons self werk.
- indirek vir almal wat moet saamwerk – die boer, die arbeiders, die kleremakers, die winkelassistente, die bouers, die trokdrywers, ensovoorts, wat moet sorg vir ons lewensmiddele.
- indirek vir krag en gesondheid en geluk vir myself en vir elke ander mens.
- indirek dat ons as gelowiges se verhouding by die huis, die skool, die werk, sport en oral sterk sal wees. Ons bid almal vir mekaar, nie net vir myself nie.

In die *Ons Vader*-gebed gee Jesus vir ons voorbeelde van **geestelike dinge** waarvoor gebed mag en moet word.

Hy bid –

- dat *ons Vader* ons moet vergewe en dat ons *ander mense* sal vergewe omdat Hy ons vergewe het.
- 

### **'N VERDUIDELIKING**

- Wanneer jy bid dat die Here jou moet vergewe, gebeur twee dinge: Jy erken dat jy oortredinge het, maar jy bevestig dat God dit kan vergewe.
  - Let op die *ons, ons oortredinge*.  
Ons het almal sonde.  
Ons het almal oortree teenoor God, maar ook teenoor mekaar. Ons bid dat die vrede tussen ons en ons Vader moet herstel, maar ook die vrede tussen ons en alle mense.
- 

In die Ons Vader-gebed het die vergewe-gedeelte 'n tweede deel waarvoor Jesus bid.

Hy bid –

- dat ons Vader ons sal help om nie weer terug te val in 'n sondige lewe nie. Daarom vra ons dat Hy ons uit versoekings en van die Bose sal weghou.

In die Ons Vader-gebed sluit Jesus sy gebed op 'n merkwaardige manier af.

Hy bid –

- met 'n erkenning dat dit wat Hy aan die begin gevra het, *...laat u Naam geheilig word; laat u koninkryk kom...* reeds 'n werklikheid geword het as Hy erken: *Aan U behoort die koninkryk en die krag en die heerlikheid tot in ewigheid. Amen.*
- 

### **'N VERDUIDELIKING**

Met *Amen*, wat beteken *dit is waar, dit sal gebeur*, bevestig Jesus dat ons glo God verhoor gebede so ver sy *wil en liefde* dit toelaat.

---

'n Laaste saak oor gebed:

- Omdat ons almal in dieselfde bootjie in hierdie wêreld is, bestaan die behoefte om saam met ander te bid.
- Dit gebeur gewoonlik as ons almal saam te staan kom voor 'n krisis soos droogte, oorloë, politieke onsekerheid, ensovoorts.
- Dan ontstaan gebedsgroepe om saam te bid vir reën, vir vrede of vir genesing as iemand ernstig siek is of in 'n ongeluk was.

- Daar word dikwels versoeke oor die sosiale media uitgestuur om te bid vir 'n spesifieke saak.

## **ONS BESPREEK EN SKERP IN WAT ONS VANDAG GELEER HET**

Skerp die volgende weer in:

- Gebed is naas Bybellees die belangrikste deel van 'n kind van die Here se geloofslewe.
- Ons bid in die eerste persoon meervoud, **ons** Vader, **ons** daaglikse brood, **ons** oortredinge, want dit beteken dat ek nederig is nie net aan myself dink en net vir myself bid nie. God is ons almal se Vader, en ons bid dat Hy in ons almal se behoeftes sal voorsien en ons almal se sondes sal vergewe, want ons almal is ewe skuldig voor Hom.
- Ons bid dat ons Vader moet laat gebeur wat Hy wil hê moet gebeur.
- Jesus leer my om vir alle mense en nie net vir myself nie te bid. Ek bid nie *my* Vader, *my* daaglikse brood, *my* oortredinge nie, maar elke keer **ons**. Ons bid nederig vir alle mense.
- In die Ons Vader-gebed leer Jesus ons dat –
  - *ons* Vader se Naam groot gemaak moet word;
  - *ons* Vader moet heers as koning; en
  - dinge moet gebeur soos *ons* Vader dit wil laat gebeur.
- Jesus leer ons om vir die noodsaaklike dinge te bid wat ons nodig het om van te lewe.
- Luukshede en rykdom is nie sonde nie, maar daarvoor moet ons self maar net harder werk en steeds vir Hom dankie sê vir dit wat Hy vir ons gee.
- In die gebed wat Jesus ons leer, bid ons indirek vir almal wat saamwerk om *ons daaglikse brood* te voorsien, van die boer tot die arbeider tot die trekkerdrywer tot die broodbakker tot die een wat ons skottelgoed was.
- As ons bid *gee ons ons daaglikse brood*, bid ons vir krag en gesondheid en geluk vir myself en vir elke ander mens, by die huis, die skool, die werk, sport en oral.
- Wanneer jy bid dat die Here jou moet vergewe, gebeur twee dinge: Jy erken dat jy oortredinge het, en dat net Hy dit kan vergewe.
- Omdat ons weet dat ons geneig is om altyd weer verkeerd te doen, bid ons dat Hy ons sal help om nie weer terug te val in 'n sondige lewe nie. Daarom vra ons dat Hy ons uit versoekings en van die Bose sal weghou.
- Die gebed wat Jesus ons leer, sluit af met *Amen*. Dit beteken *dit is waar, dit sal gebeur*. Daarmee bevestig Jesus dat ons glo God verhoor gebede so ver sy wil van liefde dit toelaat.
- Verkeerde indrukke kan ontstaan as daar oor sosiale media versoek word dat soveel mense moontlik op 'n sekere tyd vir 'n sekere saak moet bid. Mense kan dink dat hulle God kan beïndruk of sy arm kan draai as massas mense op 'n spesifieke tyd saambid. Ons kan sulke gebedspraktyke “geestelike massaoptrede” of “geestelike manipulasie” noem. Die Bybel leer ons dat selfs die gebed van een gelowige groot krag het. Jesus leer ons dan juis om te bid dat ons Vader se wil moet geskied. Hoe kan 'n massa mense dan hul wil op Hom probeer afdwing?

## **IETS OM IN DIE KLAS TE DOEN**

Laat hulle die vrae in hul boeke beantwoord. Gee vir hulle geleentheid om hul antwoorde te lees. Bespreek die antwoorde en laat hulle korreksies aanbring waar nodig uit die volgende riglyne.

- Wat is naas Bybellees die belangrikste deel van 'n kind van die Here se geloofslewe? (*Gebed. In enige verhouding is kommunikasie uiters belangrik. Ons en God kommunikeer*)



met mekaar wanneer ons die Bybel lees en bid.)

- Wat beteken dit as ek in my gebed die eerste persoon meervoud, **ons** Vader, **ons** daaglikse brood, **ons** oortredinge, gebruik? (Dit beteken dat ek nederig nie net aan myself dink en net vir myself bid nie. God is ons almal se Vader en ons bid dat Hy in ons almal se behoeftes sal voorsien en ons almal se sondes sal vergewe, want ons almal is ewe skuldig voor Hom.)
- Waar of vals:
  - Dit is ons reg om vir God te vra net wat ons wil, en Hy moet dit gee. (Vals. Ons bid dat sal gebeur wat Hy wil hê moet gebeur. Hy weet die beste, en daarby berus ons.)
  - Die gebed wat Jesus ons leer, is 'n bewys dat ek net vir my eie belange hoef te bid. (Vals. Ek bid nie **my** Vader, **my** daaglikse brood, **my** oortredinge nie, maar elke keer **ons**. Ons bid nederig vir alle mense.)
  - In die Ons Vader-gebed leer Jesus ons dat –
    - ons Vader se Naam groot gemaak moet word;
    - ons Vader moet heers as koning; en
    - dinge moet gebeur soos ons Vader dit wil laat gebeur. (Waar. So doen ons die eerste ding eerste. Dit is om ons Vader se Naam groot te maak, Hom te laat heers as koning oor ons lewe en te vra dat Hy sy wil, wat altyd die beste is, sal laat gebeur.)
  - Jesus leer ons dat ons vir alles onder die son mag bid – rykdom, roem, eer, ensovoorts. (Vals. Jesus leer ons om vir die noodsaaklike dinge te bid wat ons nodig het om van te lewe. Luukshede en rykdom is nie sonde nie, maar daarvoor moet ons self maar net harder werk en steeds vir Hom dankie sê vir dit wat Hy vir ons gee.)
  - In die gebed wat Jesus ons leer, bid ons indirek vir almal wat saamwerk om ons daaglikse brood te voorsien. (Waar. Ons bid vir almal, van die boer tot die arbeider tot die trekkerdrywer tot die broodbakker tot die een wat ons skottelgoed was.)
  - Jesus leer ons ook indirek in hierdie gebed bid dat ons as gelowiges se verhouding by die huis, die skool, die werk, sport en oral sterk sal wees. Ons bid almal vir mekaar, nie net vir onself nie. (Waar. As ons bid **gee ons ons daaglikse brood**, bid ons vir krag en gesondheid en geluk vir myself en vir elke ander mens.)
  - Wanneer jy bid dat die Here jou moet vergewe, gebeur twee dinge: Jy ontken dat jy oortredinge het, en Hy is verplig om jou te vergewe. (Vals. Wanneer ons bid dat ons Vader ons oortredinge sal vergewe, erken ons juis dat ons oortredinge het en dat net Hy dit kan vergewe.)
  - As jy gebid het dat ons Vader jou moet vergewe, dan doen Hy dit en jy sal nooit weer iets verkeerd kan doen nie. (Vals. Omdat ons weet dat ons geneig is om altyd weer verkeerd te doen, bid ons dat Hy ons sal help om nie weer terug te val in 'n sondige lewe nie. Daarom vra ons dat Hy ons uit versoekings en van die Bose sal weghou.)
  - Die gebed wat Jesus ons leer, sluit af met Amen. Dit beteken dit is waar, dit sal gebeur. Daarmee bevestig Jesus dat ons glo God verhoor gebede so ver sy wil van liefde dit toelaat. (Waar. Ons glo God sal in sy liefde voorsien wat vir ons die beste is. Dit is waarvoor ons bid. En as daar slegte dinge op ons pad kom, het God dit nie veroorsaak nie. Hy is by ons juis om ons te dra as daar slegte dinge gebeur het.)
- Hoe dink jy, watter verkeerde indrukke kan ontstaan as daar oor sosiale media versoek word dat soveel mense moontlik op 'n sekere tyd vir 'n sekere saak moet bid? (Mense kan dink dat hulle God kan beïndruk of sy arm kan draai as massas mense op 'n spesifieke tyd saambid. Ons kan sulke gebedspraktyke “geestelike massaoptrede” of “geestelike manipulasie” noem. Die Bybel leer ons dat selfs die gebed van een gelowige groot krag het. Jesus leer ons dan juis om te bid dat ons Vader se wil moet geskied. Hoe kan 'n massa mense dan hul wil op Hom afdwing?)

Gee leiding met die volgende riglyne, en laat hulle saam 'n kort gebed voorberei.

Laat iemand wat bereid is om af te sluit, die gebed neerskryf en dit aan die einde vir die afsluiting gebruik.

Hou rekening met wat oor gebed geleer is. Daar kan onder andere vir die volgende gebid word:

- Die Naam van die Here moet geëer, geloof en geprys word.
- Vir siekes in die gemeente, familie of vriende kan gebid word.
- Noodsituasies waarvan hulle bewus is, kan aan die orde kom (droogte, armoede, oorlog, rampe).
- Dink aan dinge waarvoor hulle dankbaar is, mense wat vergewe moet word, ensovoorts.

## HIERDIE WEEK IN HUL WÊRELD

### RADIKALE DISSIPELSKAP

Laat hulle by [www.nhka.org](http://www.nhka.org) gaan kyk of daar meer inligting oor hierdie aanbidding is.

Laat hulle die volgende **Bybelstudie** tuis gaan doen en die opdragte uitvoer:

#### 1 Konings 18: 25-29 en 36-37

Vergelyk die gebed van die profete van Baäl met dié van Elia, die profeet van die Here.

- Wat is die verskil in die manier van praat? (*Die afgodsprofete moes roep, noem dit maar skreeu, terwyl Elia rustig en kalm met die Here gepraat het.*)
- Wat kom jy agter met betrekking tot die hoeveelheid mense wat gebid het en die lengte en die herhaling van die Baälprofete se gebed en Elia s'n? (*Die Baälprofete het geroep en geroep van die môre tot die aand. Elia het kort en kragtig, rustig en nederig met die Here gepraat.*)
- Beskryf kortliks hoe jy die Baälprofete en Elia voor jou geestesooog sien. (Enige beskrywing soos: *Die Baälprofete het gedans en hulself stukkend gesny en te kere gegaan en oor en oor en oor gebid. Elia het nederig, kort en kragtig die Here aangeroep, sonder enige vertoon.*)
- Wat sê hierdie gebeure vir jou oor oproepe dat soveel mense moontlik op 'n vasgestelde tyd moet bid vir 'n sekere saak? (*Dit kan die gedagte laat ontstaan dat 'n mens God kan beïndruk of sy arm kan draai met die hoeveelheid mense en sy aandag op 'n sekere tyd kan trek. Dit is 'n "geestelike massaoptog" en "geestelike manipulasie".*)

#### Lukas 22: 41-42

Watter ooreenkoms kry jy hier met die Ons Vader-gebed? (*God se wil wat moet geskied.*)

Laat hulle gaan kyk of hulle voorbeelde van **ander gebede in die Bybel** kan kry.

- 1 Konings 8: 22 en verder: Gebed van Salomo.
- Psalm 90: Gebed van Moses.
- Psalm 17: Gebed van Dawid.

Begelei hulle om die volgende tuis te gaan doen:

- Reg en gereeld te bid.
- Sinvol hul gebedslewe uit te leef deur –
  - by 'n gebedsgroep in te skakel waar moontlik;
  - die Here se Naam groot te maak en Hom te dank vir alles wat ons het;
  - vir hartseer mense, siek mense, mense in ouetehuse, ensovoorts, te bid;

- tydens klasgeleenthede vir 'n spesifieke saak te bid;
- met hul ouers oor die belang van gebed te gesels;
- 'n geleentheid te skep waar hul gesin saam stiltetyd kan hou en saam kan bid; en
- vir alle vorms van nood in die wêreld te bid.

### **HULLE KRY HULSELF PARAAT**

Laat hulle die Ons Vader-gebed gaan leer.

### **BELANGRIK**

- Die jongmense moet seker maak dat hulle met elke aanbieding hul Bybels saambring.
- Kyk vandag reeds wat jy vir die volgende aanbieding nodig het en wat jy moet voorberei.

### **AFSLUITING**

- Reël vooraf met een van hulle om volgende week te open met gebed.
- Laat die persoon met wie vir vandag gereël is, afsluit met gebed.